

Maandag **16****SKRIFGEDEELTE: 2 KONINGS 15:27-31; JESAJA 7:1-7****FOKUSGEDEELTE: JESAJA 7:2, 7****Tiglat-Pileser – Aangesien God vir ons is**

Benoudheid, vrees, dreiging, angs ... was die emosies wat Juda onder Agas beleef het. Nie sonder rede nie, want die aanslag van Resin en Peka, konings van Aram en Israel, was onbeskryflik. Hulle was reeds op pad na Jerusalem, hulle het reeds op Efraim toegesak! Juda se harte het ineengekrimp – benoud, bang!

Agas het toe 'n ooreenkoms met Tiglat-Pileser, die koning van Assirië, gesluit. Dit was destyds die magtigste ryk. Hy word 'n instrument in die hand van die Here HERE wat Agas en Juda bewaar. Hy bring die einde oor die Tien Stamme van Israel deur hulle in ballingskap weg te voer.

Jesaja was in dié tyd profeet. Hy laat Juda moed skep. Die Here HERE het gesê: “Dit sal nie tot stand kom nie ...” Ja, hulle planne van onheil sal nie gebeur nie. Hoekom nie? Die Here sê so. Aangesien God vir ons is, is daar geen vrees nodig nie.

Paulus sê dit in sy oorwinningslied: “As God vir ons is, wie kan teen ons wees” (Rom. 8:31). Hy het immers sy eie Seun nie gespaar nie. Hy het ons uit die mag van Satan en die sonde gered.

Ons kan die “as” met “aangesien” vervang. Moenie daaroor wonder nie. Dit staan vas: God is vir ons! In benoudheid en angs is die Here altyd daar, maak nie saak hoe groot en gedug die onheilsmagte is nie.

Aangesien God vir ons is, kan ek in gebed my toevlug tot Hom neem.

Sing: Psalm 91:1, 7

Ds. MJ (Tinus) Smidt (Ficksburg)